Gauteng Onderwysdepartement
**Laerskool Elspark**
Administratief: admin@elsies.co.za Posbus 12009 1418
Webwerf: laerskoolelspark.co.za Tel: (011) 893-2024/5

2025-09-11

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN SEPTEMBER 2025

### KWARTAALAFSLUITING – MNR PRETORIUS

Die skool sluit binnekort vir 'n kort vakansie. Graag wil ek vir al ons ouers en leerlinge 'n aangename en veilige vakansie toewens. Dankie vir 'n besige 3de kwartaal maar ook vir elke leerling en ouer se toewyding om Laerskool Elspark dié beste skool vir kinders te maak.

Die skool sluit Vrydag, 3 Oktober 2025 om 10:00
Skole heropen weer Maandag, 13 Oktober 2025 om 7:30

***Vakansiedag***:
24 September Erfenisdag

### ALGEMENE JAARVERGADERING – MNR PRETORIUS

Ouditverslag 2024
Skoolverslag 2025
Begroting 2026

Alle ouers word hiermee kennis gegee en uitgenooi na die Jaarvergadering wat gehou sal word op 20 Oktober 2025 om 18:00. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, is die volgende datum, 3 November 2025 om 18:00.

Die volledige verslae sal vir hierdie vergadering beskikbaar gestel word 14 dae voor die tyd.

### NASKOOL – ME MCKENZIE

**Neem asb. kennis dat die naskoolsentrum gesluit sal wees op Woensdag, 24 September vir Erfenisdag.**

Gedurende skoolvakansie 3 – 13 Oktober open die naskoolsentrum om 07:00 tot 17:30. Pak asb. eet- en drinkgoed vir u kind in. Alle speelgoed word op eie risiko saamgestuur.

Koste vir kinders wat nie in die naskool is nie, is R100 per dag. Dit moet asb. vooraf betaal word. Stel my in kennis indien u 'n reëling vir vakansie wil maak by elna@elsies.co.za

## AKADEMIE – ME BRITZ

Ouers, julle ondersteuning en betrokkenheid is die sleutel tot jul kind se sukses. Leerlinge, onthou dat elke dag 'n nuwe kans is om te leer en te groei. Streef daarna om elke taak met entoesiasme en toewyding aan te pak. Die toetsreeks is tans in volle swang. Berei asb. goed voor vir die vakke wat nog geskryf moet word.

***Toetsrooster***

| | | |
|---|---|---|
| *Vrydag, 12 September* | *Afrikaans* | *Gr 4 – 7* |
| *Dinsdag, 16 September* | *Engels* | *Gr 4 – 7* |
| *Donderdag, 18 September* | *SW (Geskiedenis)* | *Gr 4 – 7* |
| *Maandag, 22 September* | *NW en Tegnologie* | *Gr 4 – 6* |
| | *NW* | *Gr 7* |

Dit is ook belangrik dat leerlinge elke dag by die skool is. Ons gaan hierdie kwartaal besig wees met ons akademiese program tot aan die einde van die kwartaal.

Oueraand: 2 Oktober 2025 18:00 – 19:00

Rapporte sal op 2 Oktober in die registerklasse uitgedeel word tydens die laaste periode.

## SOSIALE MEDIA EN SELFOONGEBRUIK – ME BRITZ

Sosiale media kan baie pret en nuttig wees, maar dit kom ook met gevare. Wees altyd versigtig met persoonlike inligting – iemand kan dit misbruik. Onthou, nie alles wat aanlyn is, is die waarheid nie. En moenie vergeet dat aanlyn boelies net so seermaak soos in die regte lewe nie. Hou altyd julle privaatheid en veiligheid eerste.

Indien u as ouer/voog op 'n groep is, moet die groepe met respek en hoflikheid gebruik word.
Onwelvoeglike, beledigende, of irrelevante boodskappe sal nie geduld word nie.
Bydraes moet beperk word tot relevante skoolonderwerpe en sake

**Leerlinge mag nie hul eie WhatsApp groepe stig of bedryf vir skoolverwante doeleindes nie.**

**Die skool neem geen verantwoordelikheid vir enige onwelvoeglike gedrag wat in leerders se persoonlike groepe plaasvind nie.**

Ons herinner alle ouers en leerders dat **selfone nie gedurende skooltyd gebruik mag word nie en dat dit te alle tye afgeskakel moet wees**. Hierdie reëling is bedoel om afleiding te verminder en te verseker dat leerders ten volle gefokus en veilig is.

Indien 'n leerder met 'n selfoon gevind word, sal die selfoon onmiddellik gekonfiskeer word. Die selfoon sal by die skoolkantoor gehou word en slegs aan die ouers of wettige voog teruggegee word.

In geval van nood kan ouers die skoolkantoor kontak om boodskappe aan hul kinders oor te dra.

Leerlinge mag slegs afgehaal word tydens skoolure wanneer die skoolkantoor u kontak. 'n Leerling kan nie self sy ouer kontak om hom/haar te kom haal nie.

## DISSIPLINE - MNR MULLER

Respek sluit respek teenoor jouself in asook respek teenoor ander mense.

Respek teenoor jouself beteken dat jy sal weet dat jy as mens uniek en spesiaal is, en dat jy as gevolg hiervan mooi na jouself omsien in terme van byvoorbeeld:

· hoe jy lyk en jouself versorg
· hoe en met watter gesindheid jy jou werk doen
· hoe jy omsien en aan jou tyd beplan
· hoe jy hedendaagse tegnologie gebruik en toepas
· en ook hoe jy teenoor ander mense optree.

Respek teenoor ander mense sluit in vriende, mede-leerlinge, ouers, ouer mense en selfs vreemdelinge met wie jy in aanraking kom. Respek beteken dat jy sal besef dat elke ander persoon uniek en spesiaal, op hulle eie manier is.

Die eenvoudigste, maar uiters belangrike definisie van wat respek behels, is om ander mense te behandel soos wat jyself deur ander behandel wil word. By Laerskool Elspark beskou ons dit as die GOUE REËL.

Die GOUE REËL is universeel en strek oor alle grense van geloof, kultuur en sosiale strukture. Ons glo, en wil dit by die leerders tuisbring, dat dit die wêreld 'n beter, lekkerder en mooier plek vir almal sal maak.

## PRYSUITDELING: KULTUUR – ME MITTON

Leerlinge wat aan buite kunswedstryde en ekstra Redenaarskompetisies deelgeneem het vanjaar moet asb. hulle uitslae vir Me Mitton stuur dat ons kan begin om die Kultuurpunte af te handel.

LET WEL!: Ons het die Elsiewood Eisteddfod en skool Redenaarspunte reeds uitgewerk – ***moet dit asb. nie stuur nie.***

## FONDSINSAMELING – ME J.V. RENSBURG

🎉 **FONDSINSAMELINGSAAND VOL AKSIE!** 🎉
📅 **Datum:** Woensdag, 23 Oktober
🕔 **Tyd:** 17:30 – 20:30
📍 **Laerskool Elspark**
🎯 **Doel:** Pret, sport & fondse vir ons skool!

🏉 **7's RUGBY TOERNOOI – OUERS NEEM DIE VELD OOR!**
Is jy gereed om jou flair op die veld te wys? Vorm 'n 7's rugbyspan saam met ander ouers en kom wys wat jy kan doen!

🔸 **Inskrywingsfooi:** R350 per span (7 spelers – slegs R50 pp)
🔸 **Slegs 20 spanne word toegelaat – bespreek vroeg!**
🔸 Speelvorm: **Tag Rugby – 7 minute per kant**

🔸 **Spelreëls:**

- Wen = 4 punte
- Gelykop = 2 punte
- Verloor = 0 punte
- **Bonuspunt:** Kry meer as 10 tags in 'n wedstryd en verdien 'n ekstra punt!

🏆 **Wat wag op die wenners?**

- 'n **Spoggerige Elspark 7's Trofee**
- **Prys vir die bes aangetrekte span** – kom in tema, wees kreatief!
  🧑‍🏫 Onderwysers sal as skeidsregters optree
  ⛑ Noodhulp sal aan diens wees

**NETBAL AKSIE VIR OUERS!**
Span jou netbalmaats in en kom wys hoe dit gedoen word – met styl én spoed!

🔸 **Inskrywingsfooi:** R350 per span (7 spelers – slegs R50 pp)
🔸 **Beperk tot 20 spanne – moenie uitmis nie!**
🔸 Speelvorm: Rondtes soos spanne inskryf (mans, vrouens of gemengde spanne)
🔸 **Spelreëls:**

- Wen = 4 punte
- Gelykop = 2 punte
- Verloor = 0 punte
- **Bonuspunt:** Meer as 10 doele = 1 ekstra punt

🏆 **Wat wag op die netbalkampioene?**

- 'n **Elegante Netbaltrofee van Laerskool Elspark**
- **Bes aangetrekte span wen 'n spesiale prys** – wees oorspronklik en snaaks!
  🧑‍🏫 Onderwysers is skeidsregters
  ⛑ Noodhulp op die terrein

✨ **Bring die gesin, die gees, en die glimlagte!**
Kom ondersteun, speel saam of geniet die atmosfeer – daar sal kosstalletjies en hope pret wees vir almal!

👉 **Skryf jou span in voor 15 Oktober by Me Bianca J.v Rensburg (bianca@elsies.co.za)**
Kom wees deel van hierdie spesiale fondsinsameling – jou deelname maak 'n verskil!

## GHOLFDAG – ME LOURENS/ME MITTON/MNR PRETORIUS

Ons benodig pryse vir ons jaarlikse Gholdag, en wil vra of u dalk kontak kan maak met borge of self 'n skenking kan maak in die verband. Ons benodig pryse soos : gholfhempies, kepse, braaistelle, toebehore vir braai of kroeg, koelbokse, gholfballe, sonroom, glase, gholfsambrele, ens.

Indien u 'n amptelike borgbrief benodig kan u in verbinding tree met Me. Lourens (082 785 2953). Pryse/borge kan met Me. Lourens/Mnr Pretorius gereël word.

***Gholfdag besonderhede:***

| | |
|---|---|
| Wanneer: | Vrydag, 28 November |
| Waar: | ERPM Gholfklub |
| Tipe: | "Betterball – Stableford" (4-bal) |
| Kostes: | R700 (per speler) of R2 800 (per 4-bal) |
| | Kostes dek: 2 gholf karretjies (4-bal), aandete en Pryse |
| | Borg van 'n gaatjie: R1 000 |
| "Handicap": | Mans maksimum 18 / Dames maksimum 26 |

## *UITERS BELANGRIK*

Bespreek betyds om teleurstelling te voorkom. Besprekings kan deur Me Lourens (082 785 2953) of Mnr Pretorius (hoof@lselspark.co.za) gemaak word.

## RUGBY 7'S & NETBAL FAST 5 – MNR BOTHA/ME S DU TOIT

Geagte ouers en Elspark gemeenskap, ons wil graag Vrydag 31 Oktober en Saterdag 1 November 2025 'n Rugby 7's en Netbal Fast 5 Toernooi aanbied by Laerskool Elspark. Ons beplan dat daar minstens 12 skole gaan deelneem aan hierdie toernooi. Ons vra asb. u hulp en ondersteuning met borge om van hierdie dag 'n reuse sukses te maak.

Indien u of u besigheid graag wil betrokke raak by hierdie geleentheid, sal u asb die volgende persone kontak:
George Botha (Rugby): george@elsies.co.za of 082 385 0212
Sanet Du Toit (Netbal): sanet@elsies.co.za of 083 993 4218

## NETBAL – FAST FIVE – ME DU TOIT

Baie geluk en baie strekte aan ons O/13 A span wat deur is na die Gauteng Hoops wat plaasvind op 13 September by Hs Florida

15 Sept - Fast 5 oefening vir O/11-O/ 13 begin

***Wedstryddatums***

| | | |
|---|---|---|
| O/13 A en B | 24 en 25 Okt | te Goudrand |
| O/11-O/13 A en B | 31 Okt en 1 Nov | te Laerskool Elspark |

## RUGBY – MNR BOTHA

Baie sterkte aan die O/11 en O/12 Rugby 7's spanne wat Vrydag en Saterdag deelneem by Laerskool Brentwood Park. Hul moet asb. by die oefeninge uitkom. Hou ons naam hoog manne.

O/8 Rugby
Neem asb. kennis dat die O/8 rugbyseuns reeds oefen.

Hulle oefen op Maandae, Woensdae en Donderdae vanaf 15:00 tot 16:00.
Alle O/8 seuns welkom.

## KRIEKET – MNR KEYTER

***Wedstryddatums:***

**Krieket vs Selection Park**
11 Sept 1ste Span tuis
11 Sept 2de Span weg

**Krieket vs Delville**
16 Sept 0/10 weg
16 Sept 0/11 tuis
17 Sept 0/9 tuis
18 Sept 1ste Span tuis
18 Sept 2de Span weg

## JUKSKEI – ME ZEEMAN

Baie dankie vir 'n lekker seisoen. Ons wil graag baie geluk sê aan die volgende spanne wat deur is na die Noord Transvaal toernooi wat sal plaasvind op 20 September. Baie geluk en baie sterkte vir die dag.

***Meisies - A3***
Leila Mari Roos, Kaitlynne Beytel, Chantelize Ludick , Mia Gurthie en Rossanne Higgs
***Seuns - A1***
Janco Van Schoor, Ethan Smith, Owen Botha, Dylan Basson

## ATLETIEK – ME NOVELLIE

Maandag, 15 September begin daar atletiekoefening vanaf 13:30 tot 14:30. Atletiek kry voorkeur bo rugby en netbaloefening wat eers 14:30 begin.

***Byeenkomste:***

| | |
|---|---|
| 21 Oktober | te Germiston stadion |
| 25 Oktober | te Noordheuwel (Super 12) |
| 28 Oktober | te Laerskool Rynfield |

Verdere inligting sal later volg vir atlete wat gaan deelneem.

## LANGAFSTANDE – ME RAATH

Ons hoop dat almal 'n goeie rusperiode gehad het en gereed is vir 'n energieke en produktiewe seisoen. Ons is opgewonde om aan te kondig dat langafstand oefeninge weer begin vanaf **15 September 2025**, en ons sien daarna uit om almal terug te verwelkom op die veld.

Ons is wel bewus daarvan dat daar tans ander sportaktiwiteite aan die gang is. Leerders is welkom om by oefeninge in te val soos wat hulle geleentheid kry. Ons waardeer hul betrokkenheid en ondersteun hul deelname aan verskeie sportsoorte.

**Oefeninge sal plaasvind op die volgende dae en tye:**

- **[Maandae - Donderdae]**: [13:45 – 14:30]

## REDENAARSKURSUS – ME BOOYENS

Daar gaan 'n opknappingskursus vir redenaars en hul ouers wees om hulp te verleen met die skryf van toesprake.

| | |
|---|---|
| Datum: | Saterdag, 20 September |
| Tyd: | 9:00 tot 10:30 |
| Wie: | Gr 1 – 7 (Leerlinge en ouers) |
| Koste: | Gratis |

Sprekers wat meer wil weet oor die aanbieding en samestelling van 'n toespraak en hoe om 'n onderwerp te formuleer, standpunte in te neem en dit te staaf met bronne ens. is welkom om hierdie geleentheid by te woon ter voorbereiding van 2026. Ouers is ook welkom en kan op die rugbyveld parkeer.

## JNR KOOR – ME NELL

Kooroefening vind plaas Woensdae middae in die saal om 13:30-14:15.

Maandag, 15 September 2025 neem ons deel aan die Germiston Kunswedstryd hier by Laerskool Elspark om 11:00.

'n Volledige inligtingsbriefie sal aan die Juniorkoorlede gegee word.

## VRYDAGBROEKIE – ME GOODCHILD




## MNR EN MEJ ELSPARK – ME FOURIE

Baie geluk aan elke finalis van Mnr en Mej. Elspark. Die finale sal op 18 Oktober 2025 plaasvind. Finaliste moet asseblief onthou om hul R50 te betaal by Me. Fourie.

## TUINEDAG – ME DE BEER

Elke leerling word aangemoedig om op Vrydag, 26 September ons skool te kom verfraai met 'n plantjie/blommetjie van hul keuse. Leerlinge kom in gewone klere skool toe. Bring jou grafie en sonhoed ook saam. Ons kan nie wag om ons kleurvolle tuine te sien nie.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof